**AGRI FOKUS (PTY) LIMITED t/a AGRI CHEMIES**
**Registrasienommer: 2001/018334/07**

# STANDAARD VERKOOPSVOORWAARDES

1. Hierdie standaard verkoopsvoorwaardes sal van toepassing wees op alle bestellings en/of verkope van produkte en die lewering van dienste deur die verkoper aan die koper, insluitend alle bestellings en wysigings daarvan, asook alle lewerings en betalings.

2. Die verkoper (kredietgewer) verkoop produkte en lewer dienste aan kopers (verbruikers) wat:

   2.1 onderhewig is aan die Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008 ("VBW"); of
   2.2 buite die trefwydte van die VBW val.

3. Die VBW bevat bepalings wat slegs van toepassing is op kopers onderhewig aan die VBW, welke bepalings nie van toepassing is op kopers wat buite die trefwydte van die VBW val nie.

4. Gerieflikheidshalwe bevat hierdie standaard verkoopsvoorwaardes die volgende drie stelle klousules:

   4.1 Klousules van toepassing op alle kopers, ongeag of hulle aan die VBW onderhewig is, te wete klousules 1 tot 24, 40 tot 44;
   4.2 Klousules slegs van toepassing op kopers wat buite die trefwydte van die VBW val, te wete klousules 25 tot 31; en
   4.3 Klousules slegs van toepassing op kopers wat aan die VBW onderhewig is, te wete klousules 32 tot 39.

5. Hierdie drie stelle klousules is duidelik onderskei en die koper bevestig dat hy/sy/dit bewus is van hierdie onderskeid.

6. Die VBW is nie van toepassing op ʼn regspersoon met bates of ʼn jaarlikse omset van meer as R2 miljoen nie. Ingevolge die VBW sluit ʼn regspersoon ʼn maatskappy, beslote korporasie, vennootskap en trust in.

7. Die koper bevestig dat hy/sy/dit:

   7.1 in staat is om te bepaal of hy/sy/dit onderhewig is aan die VBW en derhalwe in staat is om die klousules te identifiseer wat op die koper van toepassing is; of
   7.2 alternatiewelik bewus is daarvan dat hy/sy/dit die verkoper mag nader vir advies en bevestiging van die toepaslikheid van die VBW.

8. KOPERS ONDERHEWIG AAN DIE VBW BEVESTIG DAT DIE KLOUSULES OP HULLE VAN TOEPASSING MAG:

   8.1 DIE RISIKO EN AANSPREEKLIKHEID VAN DIE VERKOPER BEPERK;
   8.2 BEPAAL DAT DIE KOPER 'N RISIKO AANVAAR;
   8.3 MEEBRING DAT DIE KOPER DIE VERKOPER VRYWAAR; en/of
   8.4 FEITELIKE ERKENNINGS DEUR DIE KOPER BEVAT.

9. DIE KOPER ONDERHEWIG AAN DIE VBW BEVESTIG DAT HY/SY/DIT BEWUS IS VAN DIE KLOUSULES IN KLOUSULE 8 NA VERWYS, INSTEM OM AAN SODANIGE KLOUSULES GEBONDE TE WEES EN BEVESTIG DAT HY/SY/DIT DIE INHOUD EN EFFEK VAN SODANIGE KLOUSULES VERSTAAN; ALTERNATIEWELIK DAT HY/SY/DIT BEWUS IS DAARVAN DAT DIE VERKOPER AANBIED OM SODANIGE KLOUSULES AAN DIE KOPER TE VERDUIDELIK, INDIEN ENIGE KLOUSULE ONDUIDELIK MAG WEES.

10. DIE KOPER ONDERHEWIG AAN DIE VBW BEVESTIG SY/HAAR KENNIS VAN EN INSTEMMING TOT SODANIGE KLOUSULES.

## TERME EN VOORWAARDES VAN TOEPASSING OP ALLE KOPERS

11. DIE PARTYE:

11.1 Die verkoper van die produkte met besonderhede soos vervat in die aansoek om krediet is AGRI FOKUS (PTY) LIMITED t/a AGRI CHEMIES (Registrasienommer: 2001/018334/07).

11.2 Die besonderhede van die koper word vervat in die aansoek om krediet en/of die betrokke bestelling.

11.3 Die ondertekenaars van die aansoek om krediet en hierdie verkoopsvoorwaardes waarborg dat hulle behoorlik gemagtig is om hulle prinsipale te verteenwoordig en om hierdie ooreenkoms aan te gaan.

11.4 Die koper bevestig sy/haar regsaard en besonderhede vervat in die kredietaansoek. Indien enige van hierdie besonderhede sou verander, is die koper verplig om die verkoper skriftelik daarvan in kennis te stel.

12. DIE PRODUKTE:

12.1 Die produkte van tyd tot tyd verkoop word beskryf in die bestelling by die verkoper geplaas en/of die afleweringsnota en/of faktuur.

12.2 Die verkoper sal geregtig maar nie verplig wees om produkte mondeling deur die koper bestel, te verkoop en te lewer, in welke geval sodanige lewering bindend sal wees op die koper, tensy die koper binne 5 (VYF) besigheidsdae beswaar aanteken teen sodanige lewering.

12.3 Aanvaarding van die koper se bestelling deur die verkoper vind plaas wanneer die verkoper sodanige bestelling skriftelik aanvaar en/of uitvoer. Die plek van aanvaarding, wat as die plek van kontraksluiting geag sal word, sal daardie plek wees waar die verkoper die koper se bestelling aanvaar.

12.4 Tensy die teendeel uitdruklik vermeld word, verteenwoordig alle metrieke mate soos vervat in die verkoper se pryslys of aangedui op die houers van die produkte die netto gewig/volume ten tye van die verpakking daarvan, uitgesluit die gewig van die verpakkingsmateriaal.

12.5 Indien 'n bestelling deur die koper geplaas word, sal sodanige bestelling 'n onherroeplike aanbod om die betrokke produkte aan te koop daarstel en die aanvaarding van sodanige aanbod/bestelling deur die verkoper sal 'n geldige kooptransaksie daarstel op die terme en voorwaardes hierin uiteengesit. Enige voorwaardes aangeheg by of vervat in sodanige bestelling van die koper wat teenstrydig is met die terme en voorwaardes hiervan, word uitdruklik uitgesluit.

12.6 Geen bestelling wat deur die verkoper aanvaar is, mag deur die koper gekanselleer word nie, tensy die skriftelike toestemming daartoe van die verkoper vooraf verkry is.

12.7 Die koper is verantwoordelik daarvoor om die akkuraatheid van enige bestelling deur hom geplaas, te verseker.

13. DIE PRYSE:

13.1 Die koopprys betaalbaar ten opsigte van die produkte bestel deur die koper, sal die verkoper se lysprys wees soos op datum van lewering van die betrokke produkte, tensy die partye 'n skriftelike ooreenkoms aangaan, behoorlik deur beide party onderteken, met betrekking tot afslag op sodanige lysprys en/of 'n ander prys.

13.2 Die gemelde pryse sluit aanvullende koste uit, soos vervoerkoste. Sodanige aanvullende koste sal afsonderlik van die koopprys ooreengekom en/of aangedui word.

13.3 Enige kwotasie wat deur die verkoper gegee word, sal geldig wees vir 'n tydperk van dertig dae vanaf datum van uitreiking en onderhewig aan prysverhogings, maar dit bly in die uitsluitlike diskresie van die verkoper om 'n korter datum vir die geldigheid van 'n spesifieke kwotasie te bepaal.

13.4 Indien 'n kwotasie nie binne bogenoemde tydperk aanvaar word nie, sal sodanige kwotasie verval en daar sal van die koper verwag word om 'n nuwe kwotasie aan te vra.

14. BETALING VAN KOOPPRYS:

14.1 Elke lewering sal beskou word as 'n onafhanklike ooreenkoms en sal 'n faktuur by lewering aan die koper uitgereik word ten opsigte van die koopprys en vervoerkoste, indien van toepassing.

14.2 Tensy die partye skriftelik anders ooreenkom, sal betaling van fakture geskied binne 30 (DERTIG) dae vanaf die datum van die staat waarop die faktuur die eerste keer verskyn.

14.3 Die partye bevestig dat kortings aan die koper toegestaan mag word as quid pro quo vir tydige betaling, welke korting na die verkoper se absolute diskresie sal wees. Indien die koper derhalwe sou versuim om tydig betaling te maak, sal alle kortings voorheen toegestaan verval en die volle bedrag sal derhalwe onmiddellik opeisbaar en deur die koper betaalbaar wees. Die verkoper sal gevolglik die koper dienooreenkomstig faktureer vir enige kortings voorheen op 'n transaksie toegestaan.

14.4 Indien die partye 'n skriftelike ooreenkoms aangaan ingevolge waarvan betaling geskied op ander terme as wat in klousule 14.2 hierbo vervat is en die koper is in versuim om enige betaling ooreenkomstig sodanige skriftelike ooreenkoms te maak, sal die volle uitstaande balans op datum van sodanige versuim, onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees.

14.5 Die koper sal aanspreeklik wees vir betaling van versuimsrente op enige uitstaande bedrag, teen die maksimum koers toegelaat vir insidentele krediet ingevolge die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 ("NKW"), bereken vanaf die datum verskuldig tot en met volle vereffening, daagliks bereken en maandeliks saamgestel aan die einde van elke maand, tensy skriftelik anders ooreengekom.

14.6 Indien enige faktuur nie op die betaaldatum vereffen is nie of indien die verkoper op enige stadium nie met die finansiële posisie van die koper tevrede is nie, is die verkoper geregtig om verdere lewerings te weier en na sy diskresie onmiddellike betaling te eis ten opsigte van daardie produkte wat reeds aan die koper gelewer is. Die verkoper sal geregtig wees om van die koper te vereis om die verkoper tevrede te stel dat die koper sy/haar verpligtinge ten opsigte van vorige en toekomstige koopprыse sal nakom. Die inhoud van hierdie klousule 14.6 sal egter geensins afbreuk doen aan enige van die verkoper se ander regte wat dit regtens mag hê nie.

14.7 Alle betalings sal eerstens aangewend word ten opsigte van rente, daarna ten opsigte van enige regskoste en daarna ten opsigte van die kapitaal verskuldig ten opsigte van verkope van die produkte.

14.8 Die koopprys sal deur die koper aan die verkoper betaal word sonder enige aftrekking hoegenaamd, vry van wisselkoers, voor of op die betaaldatum voorgeskryf.

14.9 Die verkoper sal die koper van 'n maandstaat voorsien.

14.10 Indien die koper nie die gemelde maandstaat ontvang nie, is die koper verplig om die verkoper binne 15 (VYFTIEN) dae vanaf die einde van enige sodanige maand daarvan in kennis te stel en/of andersins 'n afskrif van sodanige maandstaat te bekom.

14.11 Indien daar enige dispuut oor die presiese prys betaalbaar deur die koper aan die verkoper ontstaan, sal die verkoper se standaard lysprys vir die produkte of soortgelyke produkte van toepassing op datum van lewering van die bestelling, die koopprys van die produkte wees en welke beskikbaar is vir inspeksie deur die koper. Indien die pryse ten tye van ondertekening van die bestelling nog nie bepaal is nie sal die verkoper die pryse aan die koper voorsien sodra dit vasgestel is. Die koper het 7 (SEWE) dae daarna geleentheid om die pryse te aanvaar of te verwerp.

14.12 Die verkoper sal geregtig wees om enige betaling vanaf die koper ontvang, aan te wend vir enige aanspreeklikheid van die koper teenoor die verkoper, ten opsigte van enige verkope van produkte of versuimsrente.

14.13 Indien die koper met 'n koöperasie of enige derde ooreenkom om enige bedrag deur die koper aan die verkoper verskuldig te betaal, sal 'n heffing gelykstaande aan 3% van die betrokke faktuur deur die koper aan die verkoper betaal word, tensy skriftelik anders ooreengekom.

15. <u>LEWERING</u>:

15.1 Lewering sal geskied by die perseel van die verkoper, tensy skriftelik anders ooreengekom en onderhewig aan hierdie klousule.

15.2 Tensy die partye anders ooreenkom, vind lewering van die produkte plaas wanneer die betrokke produkte op die wa, rytuig of voertuig van die vervoerkontrakteur gelaai word, in gevalle waar die koper met sodanige vervoerkontrakteur gekontrakteer het. Sodanige vervoerkontrakteur sal die koper se agent wees en lewering aan die vervoerkontrakteur sal geag word behoorlike en voldoende lewering aan die koper te wees.

15.3 Indien die verkoper met die betrokke vervoerkontrakteur kontrakteer, vind lewering plaas wanneer die produkte te die perseel aangedui in die bestelling afgelaai is.

15.4 Indien vergoeding betaalbaar is ten opsigte van die vervoer van die produkte, is sodanige vergoeding betaalbaar voordat lewering plaasvind, tensy die produkte aangekoop word op 'n goedgekeurde debiteurerekening, in welke geval vergoeding vir die vervoer betaalbaar sal wees wanneer die koopprys ten opsigte van die produkte betaalbaar is.

15.5 Die koper stem daartoe in om te verseker dat die koper of 'n gevolmagtigde individu teenwoordig sal wees om lewering te ontvang en die leweringsbewys te onderteken en waarborg die volmag van sodanige individu om aldus te ontvang en onderteken.

15.6 Die ondertekening van die afleweringsnota deur die koper sal aanvaarding van die inhoud van die afleweringsnota daarstel, onderhewig aan die verdere terme van hierdie ooreenkoms. Ongeag ondertekening van die afleweringsnota deur die koper al dan nie, sal die koper desnieteenstaande verplig wees om enige dispuut oor die inhoud daarvan en/of oor die lewering, binne 5 (VYF) dae na lewering aan te teken en skriftelik aan die verkoper te voorsien, by versuim waarvan die afleweringsnota prima facie aanvaarding van die inhoud daarvan en/of van die lewering daar sal stel. Die koper bevestig dat die beperking van 'n 5 (VYF) dag periode redelikerwys noodsaaklik is, ten einde die verkoper in staat te stel om betyds sodanige dispuut te ondersoek, verifieer en beslis.

15.7 Om dieselfde redes sal die verkoper nie aanspreeklik wees vir enige skade aan die produkte of verpakking veroorsaak gedurende lewering, tensy die verkoper insgelyks binne 5 (VYF) dae na lewering skriftelik aldus ingelig word nie.

16. GEHALTE EN HANDELSMERKE:

16.1 Die verkoper sal toesien dat die produkte voldoen aan die beskrywing daarvan, soos van regsweë vereis.
16.2 Die gebruik van enige handelsmerke waaronder die produkte voorsien word, is onderhewig daaraan dat die produkte herverkoop word in die verkoper se oorspronklike verpakking.

17. EIENDOMSREG EN RISIKO:

17.1 Eiendomsreg van die produkte sal slegs teen betaling van die volle koopprys na die koper oorgaan. Indien die koper sou versuim om tydig te betaal, sal die verkoper met nakoming van 'n behoorlike regsproses, geregtig wees op die teruglewering van die produkte.
17.2 Risiko ten opsigte van verlies of skade aan die produkte gaan op die koper oor by lewering. Die koper sal alle redelike voorsorg tref ten einde die veilige bewaring, stoor en hantering van die produkte te verseker.

18. KONTRAKBREUK:

18.1 Die verkoper is geregtig om hierdie ooreenkoms summier te kanselleer indien enige vonnis teen die koper toegestaan word of indien die koper enige statutêre daad van insolvensie pleeg.
18.2 Indien die koper in versuim is om enige van die terme en voorwaardes hiervan en/of andersins ooreengekom deur die partye stiptelik na te kom, sal die verkoper geregtig wees om onmiddellik betaling en/of prestasie deur die koper van al die koper se verpligtinge te eis, ongeag of sodanige betaling en/of prestasie reeds verskuldig is, en in elk geval sonder benadeling van die verkoper se reg om die ooreenkoms te beëindig en skade te eis. Voorgaande is sonder benadeling van sodanige ander regte soos wat die verkoper regtens mag hê en onderhewig aan artikels 129 en 130 van die NKW, indien die NKW van toepassing sou wees.
18.3 In terme van artikel 45 en 28 van die wet op Landdroshowe, 32 van 1944 stem die koper toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof of Streekhof ten opsigte van enige regsproses voortspruitend uit hierdie ooreenkoms. Die verkoper sal egter geregtig wees om enige dispuut wat ontstaan uit hierdie ooreenkoms te verwys na 'n Suid-Afrikaanse Hoë Hof met jurisdiksie.

19. KENNISGEWINGS EN DOMICILIA:

19.1 Die partye kies as hulle domicilium citandi et executandi hulle onderskeie adresse soos uiteengesit in hierdie klousule vir alle doeleindes voortspruitend uit of in verband met hierdie ooreenkoms, by welke adresse alle prosesse en kennisgewings voortspruitend uit of in verband met hierdie ooreenkoms, die verbreking of beëindiging daarvan, regsgeldiglik op die partye beteken en aan hulle afgelewer mag word.
19.2 Vir die doeleindes van hierdie ooreenkoms sal die verkoper se adres Agri Chemies Kantoor, Noord Straat, Koppies, Vrystaat Provinsie wees, en die koper se adres sal die adresse wees soos uiteengesit in klousule 15 van die Kredietaansoek, alternatiewelik die e-posadres wat gebruik word deur die koper in kommunikasie met die verkoper.

20 SUID-AFRIKAANSE REG:

Die Suid-Afrikaanse Reg sal van toepassing wees op hierdie ooreenkoms en alle daaropvolgende transaksies

21 FORCE MAJEURE:

21.1 Die verkoper sal nie teenoor die koper aanspreeklik wees vir enige verlies, skade of besering nie indien die verkoper versuim om enige verpligting in terme van hierdie koopooreenkoms na te kom en daardie versuim veroorsaak is deur enige gebeurlikheid hoegenaamd buite die beheer van die verkoper, insluitend maar nie beperk nie tot arbeidsregtelike optrede, ongeluk, kragonderbreking, defektiewe masjinerie of fabriek, bevel deur enige regeringsliggaam, en behoudens klousule 21.2 hieronder, 'n tekort aan grondstowwe welke benodig word vir of in verband met die vervaardiging van die produkte. Die verkoper sal skriftelik kennis gee van sodanige gebeurtenis.
21.2 Indien die verkoper as gevolg van enige gebeurtenis soos bedoel in klousule 21.1 hierbo, verhoed of vertraag word om die produkte op die ooreengekome tydstip aan die koper te lewer, mag die verkoper, nadat hy so spoedig doenlik aan die koper skriftelik kennis daarvan gegee het, lewerings weerhou, uitstel of verminder tot die mate wat die verkoper goedvind.

22 OPSKRIFTE VAN KLOUSULES:

Die opskrifte van klousules in hierdie standaard verkoopsvoorwaardes is slegs vir verwysingsdoeleindes ingevoeg en sal nie by die uitleg van die ooreenkoms gebruik word nie.

23 SESSIE VAN VORDERINGSREGTE AS SEKURITEIT:

23.1 Die koper sedeer hiermee alle boekskulde en/of ander eise wat huidiglik aan hom/haar/dit verskuldig is en wat in die toekoms aan hom/haar/dit verskuldig mag wees, aan die verkoper as sekuriteit vir die behoorlike nakoming van die koper se verpligtinge teenoor die verkoper, voortspruitend uit welke skuldoorsaak ook al en vir welke bedrag nou reeds opeisbaar en verskuldig of wat in die toekoms opeisbaar en betaalbaar mag wees. Hierdie sessie is nie beperk nie tot, maar sluit enige bedrag in wat aan die koper verskuldig mag raak uit die verkoop van enige landboukundige produkte.

23.2 Die koper sal op eie koste enige verboude graangewasse by die naaste SAFEX geakkrediteerde silo aan die plaas van die koper lewer en die koper sal verplig wees om die silosertifikaat aan die verkoper te lewer. Die verkoper kan te eniger tyd deur enige van sy amptenare of sy genomineerde(s) toegang verkry tot die plaas en/of grond waarop die graangewasse verbou word, ten einde enige van die volgende regte uit te oefen:

23.2.1 om die gewasse te eniger tyd te inspekteer of te laat inspekteer;
23.2.2 indien die verkoper dit nodig ag:
23.2.2.1 om te reël vir die beskerming van die gewasse teen enige moontlike risiko's; en
23.2.2.2 om die gewasse te oes en dit aan 'n SAFEX-geakkrediteerde silo of enige ander genomineerde silo te lewer;
23.2.2.3 waarvan die koste deur die kliënt gedra sal word.

24 ALGEMENE KLOUSULES:

24.1 Dit word op rekord geplaas dat bestellings aanvaar en die produkte gelewer sal word onderhewig aan die terme en voorwaardes hierin vervat.
24.2 Hierdie ooreenkoms bevat die gehele ooreenkoms tussen die partye. Geen afwyking, wysiging, byvoeging of konsensuele kansellasie van die ooreenkoms of enige voorwaarde of term hiervan of enige ander dokument uitgereik of uitgevoer uit hoofde van of ingevolge hierdie ooreenkoms, sal bindend wees of enige regskrag of regseffek hê, tensy op skrif gestel en onderteken deur of namens die partye.
24.3 Geen verslapping of tegemoetkoming, insluitend die aanvaarding van laat betalings deur die verkoper, sal geag word ŉ afstanddoening te wees deur die verkoper van enige van sy regte om stiptelike nakoming deur die koper van enige van sy/haar verpligtinge in terme hiervan af te dwing, en sodanige verslapping of tegemoetkoming sal nie geag word ŉ novasie van enige van die terme en voorwaardes van hierdie ooreenkoms te wees nie.
24.4 Geen verteenwoordiger, agent of verkoopsman van die verkoper beskik oor enige volmag om enige term of voorwaarde hiervan te wysig of om enige voorstelling namens die verkoper te maak nie. Geen beweerde wysiging van enige term of voorwaarde hiervan sal enige regskrag hê nie, tensy sodanige wysiging op skrif gestel en onderteken is deur ŉ gevolmagtigde verteenwoordiger van die verkoper.
24.5 Indien enige klousule of term van hierdie ooreenkoms om enige rede hoegenaamd ongeldig, onafdwingbaar, gebrekkig of onwettig sou wees, sal die oorblywende terme en voorwaardes van hierdie ooreenkoms deelbaar geag te wees en sal voortgaan om regskrag en regseffek te hê.
24.6 Die koper mag nie enige van sy regte of verpligtinge ingevolge hiervan sedeer of oordra sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die verkoper nie.
24.7 Geen verwysing na die NKW en/of die VBW sal uit hoofde van sodanige verwysing en/of konsensus en/of inkorporasie, sodanige wetgewing op hierdie ooreenkoms en/of die koper van toepassing maak, indien sodanige wetgewing nie andersins deur regswerking aldus van toepassing is nie.

**KLOUSULES VAN TOEPASSING INDIEN DIE KOPER NIE AAN DIE VBW ONDERHEWIG IS NIE**

25. WAARBORGE EN TERUGGAWE:

25.1 Tensy die teendeel in ŉ skriftelike waarborg van die verkoper gestel word, sal die verkoping van die produk geskied vry van alle voorwaardes en waarborge, hetsy statutêr, gemeenregtelik of andersins, ten opsigte van die gehalte, geskiktheid vir enige doel en/of bemarkbaarheid daarvan.
25.2 Enige aanbeveling of advies verskaf deur of namens die verkoper word in goeder trou verskaf, maar

doen die verkoper nie daardeur enige aanspreeklikheid op nie. Die gebruik of aanwending van die produkte is geheel en al die verantwoordelikheid van die koper en sal die koper nie op enige mededeling van die verkoper ten opsigte van sodanige gebruik of aanwending kan staatmaak nie.

25.3 Die verkoper sal nie aanspreeklik wees vir enige spesiale en/of gevolgskade gely deur die koper nie. Die verkoper se aanspreeklikheid sal in elke en alle gevalle waar die verkoper aanspreeklik mag wees, beperk wees tot vervanging van die defektiewe produkte of terugbetaling van die koopprys, na die verkoper se diskresie.

25.4 Dit word op rekord geplaas dat sodra die produkte verkoop en gelewer is soos per bestelling, sodanige produkte nie teruggeneem sal word nie tensy die verkoper skriftelik daartoe toestem.

26. <u>INDIEN VAN EISE</u>:

26.1 Die koper sal geregtig wees om die produkte onmiddellik by ontvangs daarvan te inspekteer en sal binne 5 (VYF) besigheidsdae vanaf die datum van lewering daarvan die verkoper skriftelik inlig van enige tekorte, foutiewe produkte of defekte in die produkte.

26.2 Indien die koper sou versuim om die kennisgewing na verwys in klousule 26.1 hierbo te gee, sal die hoeveelheid en gehalte van die gelewerde produkte prima facie geag word gelewer te wees vry van defekte, ooreenkomstig hierdie standaard verkoopsvoorwaardes.

26.3 Indien die koper aan die verkoper kennis gee ooreenkomstig klousule 26.1 hierbo en indien die verkoper tevrede is dat die produkte foutief is, dan sal die verkoper, onderhewig aan die beskikbaarheid van die betrokke produk, sodanige gedeelte van die produkte vervang met dieselfde hoeveelheid produkte van dieselfde gehalte soos aanvanklik ooreengekom.

27. <u>LEWERING</u>:

27.1 Die verkoper waarborg nie lewering op 'n spesifieke datum nie, maar sal poog om lewering te bewerkstellig so na as moontlik aan die datum van die bestelling en/of aanvaarding daarvan. Die koper sal nie geregtig wees om die koop te repudieer of terug te trek op grond van laat- of nie-lewering, of om die verkoper in mora te plaas met betrekking tot lewering van die produkte nie en sal die verkoper nie aanspreeklik wees vir skade gely deur die koper in die geval van laat lewering deur die verkoper.

27.2 Die produkte gereflekteer op 'n afleweringsnota sal geag word 'n ooreengekome wysiging van die bestelling te wees, in die mate wat dit van die betrokke bestelling verskil, tensy die koper sodanige produkte binne 5 (VYF) dae vanaf ontvangs daarvan skriftelik weier.

28. <u>AANSPREEKLIKHEID EN AFSTANDDOENING</u>:

28.1 Die koper doen afstand van enige eis vir verlies, skade of aanspreeklikheid wat hy/sy/dit mag hê teen die verkoper voortspruitend uit, maar nie daartoe beperk nie, eise gebaseer daarop dat die produkte nie geskik is vir die koper se doeleindes nie.

28.2 Onderhewig aan die inhoud van klousule 28.1 hierbo sal die verkoper nie aanspreeklik wees vir enige kontraktuele, deliktuele en/of gevolgskade nie, insluitend maar nie daartoe beperk nie, verlies aan wins, verlies aan produksie en verlies aan markaandeel voortspruitend uit enige beweerde gebrek en/of ongeskiktheid van die produkte en/of enige laat lewering daarvan. Die verkoper se aanspreeklikheid sal onder alle omstandighede en ongeag die wyse waarop dit ontstaan, in die verkoper se uitsluitlike diskresie, beperk wees tot die vervanging van die betrokke produkte teen geen koste vir die koper nie of terugbetaling van die koopprys betaal deur die koper.

28.3 Die koper vrywaar die verkoper verder teen:

28.3.1 Enige nalatige en/of opsetlike doen of late deur die koper of sy werknemers of kontrakteurs met betrekking tot die produkte of die gebruik van die produkte;

28.3.2 Enige verlies, skade (insluitend gevolgskade) of aanspreeklikheid veroorsaak deur of voortspruitend uit, sonder beperking, die gebruik, vervoer of stoor van die produkte na lewering daarvan aan die koper;

28.3.3 Enige verlies, skade (insluitend gevolgskade), dood van of besering aan derdes voortspruitend uit die koper se versuim om sodanige derdes van inligting te voorsien ten opsigte van, sonder beperking, inherente gevare, korrekte gebruik, stoor en wegmaak van die produkte en/of die koper se versuim om alle redelike en nodige stappe te neem om sodanige gebeure tydens die gebruik, stoor en wegmaak van die produkte deur die koper te verhoed; en

28.3.4 Enige verlies en/of skade (insluitend gevolgskade) veroorsaak deur of voortspruitend uit 'n verbreking van enige waarborg.

29. <u>WAARBORG VAN KOPER TEN OPSIGTE VAN PRODUKTE</u>:

Die koper waarborg dat hy/sy/dit bekend is met die gebruik, eienskappe en inherente gevare verbonde aan die produkte en waarborg voorts dat hy/sy/dit alle statutêre vereistes nagekom het en in besit is van die nodige permitte, magtigings en ander amptelike dokumente wat vereis word vir die hantering, aankoop, stoor, vervoer, behandeling, gebruik en/of wegmaak van die produkte (indien enige).

30. VERSUIM OM REKENINGE TE BETWIS:

Indien die koper in versuim is om beswaar te maak teen enige inskrywing op ŉ maandstaat binne 90 (NEGENTIG) kalenderdae vanaf die datum daarvan, sal die inskrywings daarop as korrek aanvaar word en sal dit afdoende bewys daarstel van die korrektheid van sodanige inskrywings.

31. REGSKOSTE:

Indien die verkoper regsaksie teen die koper instel voortspruitend uit enige verkoopooreenkoms, sal die koper aanspreeklik wees vir die betaling van die verkoper se regskoste op ŉ prokureur-en-eie-kliëntskaal.

**KLOUSULES VAN TOEPASSING INDIEN DIE VBW OP DIE KOPER VAN TOEPASSING IS**

32. LEWERING:

32.1 Die verkoper sal nie aanspreeklik wees vir enige skade gely deur die koper as gevolg van die laat lewering van enige produkte nie, behalwe in die mate wat die verkoper aanspreeklik mag wees vir verliese as gevolg van die bepalings van Artikel 47 van die VBW, in die geval van enige tekorte van die produkte.

32.2 Indien enige produkte verkeerdelik afgelewer word, sal die koper binne 10 (TIEN) besigheidsdae na lewering, die verkoper aldus inlig, in welke geval die verkoper binne 20 (TWINTIG) besigheidsdae die foutiewe lewering mag terugneem.

33. GEHALTE:

In die geval van enige bewering dat die goedere onveilig of defektief is, sal die verkoper nie aanspreeklik wees vir enige skade veroorsaak nie waar sodanige eienskap, versuim, defek of gevaar nie ten tye van lewering van die produkte deur die verkoper aan die koper bestaan het nie.

34. VRYWARING:

Die partye plaas op rekord dat inaggenome die doel van die produkte aldus aangekoop, die gevolgskade in die geval van enige verbreking deur die verkoper, astronomies mag wees. Indien die verkoper aanspreeklikheid sou aanvaar vir sodanige gevolgskade, sal dit ŉ wesenlike impak hê op die koste van die produkte vir die koper. Die koper verkies derhalwe om die aanspreeklikheid van die verkoper ten opsigte van alle verbrekings, te beperk tot die kostelose vervanging van die produkte, of terugbetaling van die koopprys betaal deur die koper (ter keuse van die koper).

35. BEPERKING VAN DIE VERKOPER SE AANSPREEKLIKHEID:

35.1 Die verkoper sal toesien dat die gelewerde produk ooreenstem met die etiketbeskrywing soos statutêr voorgeskryf.

35.2 Die koper onderneem om homself binne 5 (VYF) dae na lewering te vergewis van al die relevante eienskappe van die produkte, soos beskryf in die verkoper se katalogus, beskikbaar van die verkoper se agent en/of webwerf, en welke beskrywing geag sal word as voldoende openbaarmaking van alle patente en latente eienskappe van die produk en die verkoper tender aanvullend om enige navrae in hierdie verband gerig, aan te spreek.

35.3 Die produkte sal voldoen aan alle statutêre gehalte vereistes, spesifiek van toepassing op die produk.

35.4 Die verkoper sal derhalwe nie aanspreeklik wees vir enige nie-nakoming ten opsigte van die aspekte uiteengesit in klousule 35.2 nie.

36. TEKORTE:

36.1 In die geval van enige tekorte van die produkte:

36.1.1 Sal die verkoper alle redelike stappe doen ten einde die koper so spoedig as wat prakties moontlik is, daarvan in kennis te stel;

36.1.2 Sal die verkoper ander produkte aan die koper aanbied teen die verkoper se heersende lysprys; en

36.1.3 Sal die koper nie onder enige omstandighede enige eis teen die verkoper voortspruitend uit tekorte van die produkte hê nie, indien sodanige tekorte buite die verkoper se beheer is.

36.2 Aanvullend hiertoe bly die toekomstige aanbod en beskikbaarheid van produkte dinamies, onvoorspelbaar en buite die beheer van die verkoper. Die verkoper sal derhalwe nie aanspreeklik wees vir enige vroeë, laat, kort of onvoldoende lewerings en/of onvermoë om te lewer.

36.3 Die koper sal in die hantering van die produkte, homself vergewis van en voldoen aan alle statutêre voorskrifte.

37. <u>AFKOELPERIODE</u>:

Indien enige transaksie die gevolg is van direkte bemarking deur die verkoper se agent en indien sodanige transaksie onderhewig is aan die VBW sal die koper geregtig wees om die transaksie skriftelik te kanselleer binne 5 (VYF) besigheidsdae na sluit van die transaksie of 5 (VYF) besigheidsdae na die lewering van die produk. Die koper sal enige produk gelewer, op eie koste en risiko teruglewer. Die koper sal enige betaling deur die koper gemaak terugbetaal binne 15 (VYFTIEN) besigheidsdae na sodanige teruglewering of indien geen produk afgelewer is, 15 (VYFTIEN) besigheidsdae na ontvangs van die kennisgewing van kansellasie.

38. <u>REGSKOSTE</u>:

Indien enige party regskoste aangaan ten einde die ooreenkoms af te dwing, sal die onsuksesvolle party die regskoste van die suksesvolle party betaal op 'n prokureur-en-kliëntskaal.

39. <u>GEWONE TAAL</u>:

Die koper bevestig dat hy/sy/dit 'n ervare boer/besigheidsman/besigheidsvrou is met minstens gemiddelde besigheidsvaardighede en geletterdheidsvaardighede soos van sodanige verbruiker verwag kan word. Die koper bevestig derhalwe dat hierdie ooreenkoms in gewone taal en verstaanbaar is, <u>alternatiewelik</u> bevestig dat hy/sy/dit (die koper) bewus is van die reg en geleentheid om enige klousule deur die verkoper te laat verduidelik.

## <u>TOEPASSING VAN TERME EN VOORWAARDES</u>

40. <u>VERKOOPOOREENKOMS VAN TOEPASSING OP ALLE TRANSAKSIES</u>:

40.1 Die koper bevestig hiermee dat hy kennis dra van die bogenoemde terme en voorwaardes, dat hy gemagtig is om hierdie ooreenkoms aan te gaan en dat hy voldoende geleentheid gehad het om die terme en voorwaardes te bestudeer en oorweeg. Hierdie terme en voorwaardes sal van toepassing wees op alle bestellings en aankope op die koper se rekening of andersins.

40.2 Die partye kom ooreen dat vir 'n onbepaalde tydperk enige latere transaksies tussen hulle aangegaan, deur hierdie terme en voorwaardes beheers sal word en welke by elke sodanige transaksie geïnkorporeer sal word deur verwysing.

41. <u>BINDENDE OOREENKOMS</u>:

Die verkoper bied aan om met die koper te kontrakteer op die terme en voorwaardes vervat in hierdie ooreenkoms. Met enige aankope aanvaar die koper sodanige terme en voorwaardes en 'n geldige en bindende ooreenkoms sal dan tot stand kom.

42. <u>INKORPORASIE DEUR VERWYSING:</u>

Dit word uitdruklik bevestig dat die terme en voorwaardes hierin vervat geïnkorporeer word by enige aankope wat die koper by die verkoper maak.

43. <u>BEPERKING VAN RISIKO'S</u>

Die koper erken dat die verkoopsooreenkoms die aanspreeklikheid van die verkoper beperk, risiko en aanspreeklikheid op die koper plaas en vrywarings en feitelike erkennings deur die koper bevat, welke aldus aanvaar word.

44. <u>ARBITRASIE:</u>

44.1 Die verkoper sal na sy absolute diskresie geregtig wees maar nie verplig nie om enige dispuut wat mag ontstaan uit hierdie verkoopsooreenkoms na arbitrasie te verwys vir beregting in terme van hierdie klousule 44.

44.2 Sodanige arbitrasie sal gehou word:

44.2.1 te Johannesburg of sodanige ander plek genomineer deur die verkoper;

44.2.2 op die wyse soos voorgeskryf deur die arbiter in terme van klousule 44.5 hieronder;

44.2.3 stiptelik met die oog om die arbitrasie te finaliseer binne 45 (vyf en veertig) besigheidsdae vanaf die datum waarop die dispuut verwys word vir arbitrasie of sodanige langer periode soos die arbiter mag bepaal; en

44.2.4 onderhewig aan die bepalings van die Arbitrasie Wet 42 van 1965, soos gewysig, behalwe waar hierdie klousule 46 anders bepaal.

44.3 Die verkoper sal 3 (drie) moontlike arbiters by wyse van skriftelike kennisgewing aan die koper nomineer, welke kennisgewing gestuur sal word na die koper met die telefaks nommer of epos adres gestipuleer in paragraaf 15 van die kredietaansoek. Die persone wat sodanig genomineer word, sal praktiserende advokate wees met ten minste 10 (tien) jaar ondervinding en/of afgetrede regters.

44.4 Die verkoper sal, binne 5 (vyf) besigheidsdae vanaf die datum van versending van sodanige kennisgewing 1 (een) arbiter nomineer uit die 3 (drie) arbiters soos genomineer deur die verkoper, om as arbiter in die saak op te tree, by gebrek waarvan die verkoper geregtig sal wees om die arbiter te nomineer.

44.5 Die partye sal binne 5 (vyf) besigheidsdae vanaf die datum waarop die arbiter genomineer is in terme van klousule 46.4 of so gou as moontlik daarna op ŉ datum waarop die arbiter beskikbaar is, ŉ voorarbitrasie vergadering met die arbiter skeduleer om die volgende te bepaal:

44.5.1 ŉ tydtafel vir die wissel van pleitstukke soos voorgeskryf deur die arbiter en blootlegging;

44.5.2 ŉ datum vir die arbitrasie;

44.5.3 die wyse waarop en die tydperk waarbinne ŉ gesamentlike verhoorbundel aan die arbiter beskikbaar gestel moet word; en

44.5.4 die wyse waarop getuienis opgeneem moet word.

44.6 Die partye sal die kostes verbonde aan die lokaal waar die arbitrasie gehou gaan word asook die opname en transkripsie van die arbitrasieverrigtinge in gelyke dele betaal, onderhewig aan klousule 44.8 hieronder.

44.7 Die partye kom verder onherroeplik ooreen dat die beslissing van die arbiter in sodanige arbitrasieverrigtinge finaal en bindend op hulle sal wees en dat daar geen reg tot appèl ten opsigte van sodanige beslissing sal wees nie. Beide partye sal geregtig wees om sodanige beslissing/toekenning ŉ bevel van enige bevoegde hof te laat maak.

44.8 Die arbiter sal geregtig wees om sodanige kostebevel te maak as wat hy goeddink.